**SAAMPRAATPAPIER** **12 JUNIE 2016**

**TEMA: CHRISTUS ONS VREDE**

**Skrifgedeeltes:**
Johannes 14:27
Ef. 2:14
Jes. 9:5-6 asook:

Fil. 4:4-9

4 *Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!*

5 *Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby.*

6 *Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.*

7 *En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*

8 *Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.*

9 *En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen. En God wat vrede gee, sal by julle wees.*

Gal. 5:22-23

22 *Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid,*

23 *nederigheid en selfbeheersing.*

1. Daar is verskeie "vredestemas" in die Skrif. Dink aan twee en **herinner mekaar** in die groep daaraan. (verwys na Preek)

2. **Bespreek** die stelling: "Christus is ons vrede"

3. In Fil 4 :4-9 word twee dinge bespreek wat ons vrede kan versteur. Kyk weer daarna en **pas dit toe** op ons daaglikse lewe.

4. **Watter nuwe lig** werp Gal 5:22 op hierdie saak?

5. **Wie steel ons vrede** en wat is ons antwoord daarop?